## CURARE-LIKE AGENTS

*Curare and Curare-like Agents.* Edited by D. Bovet, F. Bovet-Nitti and G. B. Marini-Bettòlo. Pp. xi + 478. 85s. Amsterdam, London, New York, Princeton: Elsevier Publishing Company. 1959.

This volume constitutes the proceedings of the International Symposium on Curare and Curare-like substances held at Rio de Janeiro in August 1957. Of a wide variety of interests are 12 contributions in French and 34 in English. In fact there is almost something for everybody. There are details about the manufacture of blowpipes and poisoned darts for those who may care to use them. In the broader medical sphere there are biochemical, pharmacological and physiological contributions of the highest order. The average clinician (of which your reviewer is one) will no doubt struggle with the stereochemical interpretations of the processes of neuromuscular block. But for each, in his respective line, there is comprehensive material—for the biochemist, physiologist, pharmacologist and anaesthetist.

This book can be confidently recommended to anyone seeking to increase or broaden his knowledge about the muscle relaxants and the complexities of neuromuscular transmission. P.J.

## RÖNTGENOLOGIESE DIFFERENSIËLE DIAGNOSE

*Lehrbuch der röntgenologischen Differentialdiagnostik, Band I: Erkrankungen der Brustorgane.* 4., verbesserte und erweiterte Auflage. Von Prof. Dr. W. Teschendorf, unter Mitarbeit von Priv.-Doz. Dr. P. Thurn. xii + 1,183 Seiten. 1,138 Abbildungen. DM 210.00. Stuttgart: Georg Thieme Verlag. 1958.

Die vierde uitgawe van Teschendorf se röntgenologiese differensiële diagnose van die borskasorgane is 'n standaardwerk. Die versoeking om dit 'n monumentale werk te noem, is groot. Die doel is om die röntgenologiese differensiële diagnose voorop te stel, en gevolglik word die afwykings, sover dit die longe betref, hoofsaaklik gegroepeer volgens die röntgenologiese voorkoms. As voorbeeld kan genoem word die differensiële diagnose van driehoekige skadus in die toppe of die basisse. Voorbeelde van die verskillende oorsake word gegee, bespreek en gedokumenteer na aanleiding van die jongste literatuur.

Die literatuuroorsig is besonder uitgebreid en omvattend en bygewerk tot vandag. In hierdie opsig, wat as 'n neweproduk beskou kan word, vorm die werk 'n nuttige gids.

Die skrywer stel dit hom ten doel dat die 1,138 afbeeldings tot die leser spreek, omdat die röntgenologiese diagnostiek, soos hy dit stel, op die ondersoek en vergelyking van die grootste moontlike aantal opnames berus.

Daar word duidelik gestel dat die middelkwabsindroom ook by volwassenes voorkom en nie, soos soms aangeneem word, tot kinders beperk is nie. Tomografie kom sterk tot sy reg. In emfiseem kan die verwyding van die sentrale longarterieë, en die vernouing van die perifere arterieë, duidelik deur tomografie gewys word, waaruit afgelei kan word dat pulmonale hipertensie aanwesig is. Ook van transversale tomografie is daar baie voorbeelde.

Die tweede deel van die werk behandel die röntgenologiese differensiële diagnose van hartletsels. Byna 400 bladsye word hieraan gewy. Al die ondersoekmetodes, insluitende kimografie, elektrokimografie, hartkateterisasie, angiokardiografie en retrograde aortografie, word verduidelik. Diegene van ons wat nie in die eerste plek kardioloë is nie vind dit soms moeilik om 'n omvattende beeld te kry van die fyner besonderhede in die differensiële diagnose van aangebore en ander hartletsels. Sonder huiwering kan hierdie werk aanbeveel word as 'n antwoord op die probleme van diesulkes. Dit is selde dat 'n leerboek teengekom word waarin die röntgenologiese hartdiagnostiek so duidelik en eenvoudig beskryf word soos hier.

Verder word daar aparte afdelings gewy aan die aorta, diafragma en esofagus. Sover dit die esofagus betref is daar seker weinig bekende toestande wat nie bespreek word nie. Van verskillende standaardwerke wat geraadpleeg is, was dit die enigste waarin uitsonderlike toestande soos esofageale afwykings by limfatiese leukemie behandel word. Teschendorf was reeds bekend as 'n röntgenologiese werk uit die hoogste rakke—die vierde uitgawe versterk hierdie opvatting. A.D.K.

## HEREDITY COUNSELLING

*Heredity Counseling.* By 17 authors, edited by Helen G. Hammons. Pp. xv + 112. $4.00. New York: Paul B. Hoeber, Inc. 1959.

This work contains within its comparatively narrow compass a record of a symposium sponsored by the American Eugenics Society held at the New York Academy of Medicine Building. The 17 contributors include such leading authorities as Dice, Falls, Glass, Herndon, Kallmann, Oliver, Sheldon C. Reed and Schull.

In Part I, genetics and eugenics in relation to such important special fields as paediatrics, dentistry, public health nursing and cardiovascular disease receive consideration. In Part II heredity counselling as such, including the structure of heredity counselling services and the organization of heredity clinics, the methods employed by the heredity counsellor, the procedures of referral to counsellors, and the features of good and inadequate counselling are explored. Kallmann's mellow wisdom on the last-named theme, based on a lifetime of work and thought in the field, appears in the section entitled 'counseling without sin'. The detailed division into procedures of referral, types of problem and types of advice in sections 7-10 furnishes the reader with a concrete, practical approach to heredity counselling.

Like Sheldon C. Reed's work of the same name that appeared in 1955, the present work is a milestone and adds to the earlier work both in details of procedure and application in new fields of medicine. It is compendious, clear, and a 'must' for workers in relevant disciplines, including the general practitioner who is in daily contact with the problems it discusses. L.A.H.

## OMKEERBARE NIERSVERSAKING

*Reversible Renal Insufficiency*. Diagnose en behandeling. Deur Donald H. Atlas, M.D., Ph.D., F.A.C.P. en Peter Gaberman, M.D. Pp. x + 233. 19 illustrasies. 56s. Londen: Baillière, Tindall en Cox Bpk. 1958.

Deel I van hierdie boek gee 'n goeie aanduiding van huidige begrippe oor die benadering en behandeling van akute nierversaking. Geen nuwe standpunt word gestel nie en die inligting is opgesom uit teenswoordige literatuur. Die skrywers het self blykbaar nie groot ervaring van radikale behandelingsmetodes, soos 'n kunsnier, nie. Hulle staan dus nie veel plek af aan hierdie aspek van behandeling nie.

Deel II handel oor chroniese, moontlike omkeerbare, letsels en 'n mens is verwonderd om dan ook kort beskrywings te kry van sulke toestande soos byvoorbeeld, jig-nefritis en polisistiese niere. Die uitgangspunt is tog die beheer van tydelike groter aanvraag na nierfunksie by sulke toestande.

Die hoofstuk oor kalsiummetabolisme en chroniese nierversaking is buite verhouding groot en weerspieël dan die skrywers se eie stokperdjie op dié gebied. Omrede van dié voorkeur, waarskynlik, is hierdie tog die nuttigste gedeelte van die boek.

Waar die werk in sy geheel dien as 'n oorsigtelike verhandeling, kan die boek as geslaagd beskou word en sal die lees daarvan lonend wees aangesien daar op hierdie gebied tans 'n vinnig groeiende groot literatuur, en dikwels 'n uiteenlopende gedagtegang, te vinde is. A.J.B.

## GEWASSE VAN DIE KOP EN NEK

*Treatment of Cancer and Allied Diseases*. 2de uitgawe. Deel 3. *Tumors of the Head and Neck*. Deur 70 skrywers. Geredigeer deur G. T. Pack, M.D., F.A.C.S. en I. M. Ariel, M.D., F.A.C.S. Pp. xviii + 781. 1,028 illustrasies. $30.00. New York: Paul B. Hoeber, Inc. 1959.

Hierdie is nog 'n bundel in die reeks van 9 oor bogenoemde onderwerp. In die eerste 3 hoofstukke word sulke onderwerpe soos verspreidingsroetes en die gebruik van algemene en lokale narkoses by chirurgie van die kop en nek volledig behandel. Daar is ook 'n hele hoofstuk oor die pre- en postoperatiewe behandeling wat by hierdie gevalle toegepas word.

In die daaropvolgende hoofstukke word iedere deel van die kop en nek, bv. die lippe, tong, mondholte, kaak, harde en sagte verhemeltes, die oor, oog, larinks, en kliere, soos die speekselkliere, tiroïed en paratoroïed volledig bespreek. Deurgaans vind 'n mens dat wat die behandeling betref, die chirurgiese sowel as die röntgenologiese benadering van die gevalle volledig bespreek word.

Plastiese prosedures sowel as die gebruik van prosteses by chirurgie van die kop en nek is ander hoofstukke wat die bundel pragtig afrond.

Die bundel is deurgaans pragtig geïllustreer met tekeninge van die stappe van operatiewe ingrepe. Dis 'n bundel wat met reg sy plek by die ander 8 moet inneem op die rak van enige mediese biblioteek. J.J.D.J.

## MEDICINE IN INDO-CHINA

*Doctor in the Asian Beyond:* The Edge of Tomorrow. By Thomas A. Dooley. Pp. xiv + 208. Illustrations. 16s. London: Victor Gollancz Ltd. 1959.

This is the full story of the personal mission of Dr. Dooley and his friends to the underprivileged of Laos in Indo-China. Some readers may have read the condensed version in the *Reader's Digest* of September 1958 under the title of *The Edge of Tomorrow*. It is an interesting account of modern medicine taken, as far as was reasonably possible, to a primitive people who had only known the doubtful services of witch-doctors. With similar conditions in Africa on our doorstep, this book is a challenge and an inspiration to all who have the gift of healing and understand what Schweitzer calls 'The Fellowship of Those Who Bear the Mark of Pain'. A.H.T.

## THE STRUCTURE OF THE KIDNEY VESSELS

*Die Gefässarchitektur der Niere*. Untersuchungen an der Hundeniere. Heft 5. Von Prof. Dr. A. von Kügelgen, Dr. B. Kuhlo, Dr. W. Kuhlo and Dr. Kl.-J. Otto. vii + 112 Seiten. 89 Abbildungen. DM 47.00. Stuttgart: Georg Thieme Verlag. 1959.

This book consists of 3 parts, which deal with the arterial system, the venous system and the anatomical relations between arteries and veins, in the kidneys of dogs. The authors injected 'plastoid', a vinyl compound, into arteries and veins and macerated the kidneys after the 'plastoid' was polymerized. Thus they obtained complete casts of the injected vessels which could be studied under a stereomicroscope. The many new observations and results cannot be mentioned in a short review, but everybody who is interested in the kidney, its functions and diseases should read this interesting book. H.W.W.